Die TBK se Nuusbrief

No. 2/2019

Wyle oom Piet Bester met die Tjello van die Vier Transvalers

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731

Hier volg die datums van byeenkomste, jaarvergaderings (in donker gedruk), asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2020

Wesrand	Pretoria	Oosrand	Vaal-Driehoek	Goudveld
25 Jan	**29 Feb**	22 Feb	**1 Feb**	
4 Apr	30 Mei	2 Mei	**28 Mrt**	
5 Sep	1 Aug	**26 Sep**	29 Aug	
7 Nov	**3 Okt**	5 Des	31 Okt	
	28 Nov			
Flip Snyman	Nico Blom	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger
011 955 3615			016 932 1897	057 398 1022
082 624 5308	072 210 6138	082 542 1908	076 389 7079	084 598 1022

Lede word daaraan herinner om hul agterstallige ledegeld op datum te hou. Die lidmaatskapfooi beloop R80,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet aan **lidmaatskap@boeremusiek.org**, of **Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731** gestuur word. **Gebruik asseblief u lidnommer, voorletter en van as verwysing**.

Weens die styging in posgeld en vervaardiging van cd's en ander kostes was die TBK ongelukkig genoodsaak om ook die ledegeld en debietorder fooie aan te pas om kop bo water te hou. Daar is ook weggedoen met die verjaarsdag kaartjie.
Neem asseblief kennis van die nuwe debietorderpryse:

R25,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R34,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R42,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R50,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar

Gebruik al die talente waaroor jy beskik: die woude sou baie stil gewees het as alle voëls sou stilbly, behalwe dië wat die beste kon sing.
- Henry Van Dyke -

Indien daar enige lede is wat navrae aangaande debietorders het, kontak gerus Martin Dorfling by 082 542 1908 of lidmaatskap@boeremusiek.org.

Ek hoop almal geniet die nuusbrief.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan: pdejager@mweb.co.za in "**Word**"-formaat asseblief.
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org
Bankbesonderhede: TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062
Laserskywe en TBK-verwante items: Aletta Dorfling verkope@boeremusiek.org
082 482 5332, Kiepersolstraat 30, Wilropark, Roodepoort, 1731 *of*
Posbus 2555, Wilropark, Roodepoort, 1731.

Tradisionele Boeremusiek Klub

Sluit aan by die TBK se amptelike whatsapp-groep – volg die skakel op Facebook

Voorblad:

Wyle oom Piet Bester met die tjello wat deur die Vier Transvalers gebruik en bespeel was deur Bossie Bosman.
Oom Piet het destyds die instrument opgespoor en aan die TBK geskenk.
Oom Danie Labuschagne het dit weer speelbaar gemaak en dit was daarna op baie plaatopnames en tydens byeenkomste deur hom bespeel. Die tjello is steeds in sy besit en sy klanke brom nog voort.

'n Enkele gebeurtenis kan 'n persoonlikheid binne jou wakker maak wat jy nie eers geweet het bestaan nie.
- Antoine de Saint-Exupéry (1900 – 1944) –

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

Kennisgewing geskied hiermee van die Algemene Jaarvergadering van die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid Afrika. Verrigtinge begin om 17:00 (5 nm) op 5 Oktober 2019 in die NG Kerksaal Daspoort, Keeromstraat 604, Daspoort, Pretoria. Baie dankie vir u samewerking.

VERRIGTINGE BEGIN OM 17:00

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

NOTULE VAN DIE AJV VAN DIE TBK GEHOU OP 6 OKTOBER 2018 TE PRETORIA

1. Opening en verwelkoming: F. Snyman open vergadering om 17:00 met Skriflesing en gebed deur J. Vlok.
2. Presensie: Die aanwesiges vorm ‘n kworum.
3. Vorige notule: word voorgelees deur S. van Zyl. Mosie van aanvaarding: C. Kapp, sekondant: M. Dorfling.
4. Finansies: J. Vlok lewer finansiële verslag. Lede word genooi om na die vergadering die boeke te kom besigtig en om dan vrae te stel. ‘n Mosie word aanvaar om die ouditeure te betaal en om hulle weer aan te stel vir 2019.
5. Takverslae: Verslag word gelewer van die Vaaldriehoek-tak deur W. Badenhorst, Oosrand-tak deur M. Dorfling, Wesrand-tak deur D. Snyman en Pretoria-tak deur S. Erasmus.
6. Oorhandiging van toekennings en oorkondes: ‘n Spesiale toekenning vir verdienste word oorhandig aan oom Jan Mans. Die nuwe Piet Snyman wisseltrofee word vir die eerste maal uitgeloof aan S. van Zyl. Daar is een lid wat ‘n 15-jaar lidmaatskap sertifikaat ontvang, nl. C. Farrel. Die Hannes Schoeman wisseltrofee gaan aan D. Grey.
7. Voorsittersverslag: Word voorgedra deur F. Snyman.
8. Verkiesing van die nuwe voorsitter: F. Snyman word weereens eenparig herverkies, sonder enige ander voorgestelde kandidate.
9. Verkiesing van die nuwe komitee: Die komiteelede bly ook onveranderd en die nuwe komitee sien dus as volg daaruit: Voorsitter: F. Snyman, Ondervoorsitter M. Dorfling, Penningmeester: J. Vlok, Sekretaris S. van Zyl. Addisionele lede:

A. Dorfling, S. Minnie en H. Radley. Gekoöpteerde lede: A. Burger en D. Scheepers.

10. Algemeen: Staan oor.
11. Afsluiting: vergadering verdaag om 17:55.

Baie geluk aan die volgende persone wat hul 15-jaar TBK-lidmaatskapsertifikate ontvang in 2019:

Lid no: 2670 H J Coetzee
Lid no: 2661 W Fouche
Lid no: 2675 H C Meyer
Lid no: 2662 J J Reyneke
Lid no: 2658 P C E Steenkamp
Lid no: 2667 B M Welgemoed
Lid no: 2681 T J Engelbrecht
Lid no: 2664 C J Liebenberg
Lid no: 1841 J H L Moller
Lid No: 2674 G A Rossouw
Lid no: 2668 J F Viljoen

Baie dankie vir u ondersteuning deur die jare.

I N M E M O R I A M

J.J. Kleinhans, lid no 0681 van Nylstroom

Diane du Plessis
15 Junie 2019

Johan Oertel
21 Junie 2019

Francois van Zyl
31 Julie 2019

Willem Coetzee
16 Augustus 2019

SKRYWES ONTVANG VANAF TAKKE

OOSRAND-TAK

Dagsê aan al ons boeremusiekvriende en -vriendinne

Ek hoop dat 2019 u goed geseën het, en nou stap ons vinnig aan na 2020 toe.
Eerstens wil ek ons getroue ondersteuners en orkeste bedank vir die bydrae tot die Oosrand-tak en Tradisionele Boeremusiek. Die Oosrand-tak het hierdie jaar vele suksesvolle byeenkomste gehad. Ek nooi dié wat nog nie by ons kom kuier het nie, gerus uit.
Dit is ook met groot hartseer dat ons dit onder u aandag bring dat een van ons komiteelede, Diane du Plessis, ons ontval het. Iets wat my altyd sal bybly, is haar vriendelike glimlag waarmee sy ons dae opgehelder het tydens die voorbereiding van elke byeenkoms. Diane sal definitief gemis word.
Ons het nog twee byeenkomste vir 2019 oor: 28ste September en 7de Desember.
Ek wil weereens van die geleentheid gebruik maak om my bestuur te bedank wat bankvas agter my staan. Julle is almal staatmakers, en ek is bevoorreg om julle op my komitee te hê. ‘n Voorsitter is net so goed soos sy bestuur, en die Oosrand-tak se bestuur is puik!
Mag u almal ‘n geseënde Feesgety en voorspoedige nuwe jaar saam met u familie hê.

Groete van huis tot huis.
Martin F. Dorfling

PRETORIA-TAK

Hartlike groete vanuit die Jakarandastad.

Dit is vir my ‘n voorreg om my nuwe Bestuur van die Pretoria tak bekend te stel:

Voorsitter: Nico Blom, Ondervoorsitter: Chris Kapp, Penningmeester: Stephaan van Zyl, Sekretaresse: Ina Muller, Addisionele lede: André Erasmus, Chris Farrel,
Dos dos Santos, Dina Ellis, Pieter Botha, Quinton Erasmus en Ilza Strydom.
Ons was bevoorreg om orkeste van ander takke by ons te verwelkom wat heerlike Tradisionele Boeremusiek gemaak het saam met staatmaker orkeste van die Pretoria-tak. Die Gasorkeste was vanaf Bloemfontein, Krugersdorp en Naboomspruit.

Die foto hierbo is geneem van al die musikante wat tydens die 3 Augustus funksie opgetree het.
Ons Sekretaresse, Ina Muller se man Carel, was ernstig siek, maar met genade van Bo, gaan dit beter. Ons vra dat u hom sal opdra in u gebede.

Ek laat julle met hierdie gedagte: *"Vriendskap wat uit die hart vloei, kan nie deur teëspoed gevries word nie, net soos water wat vloei uit die fontein, nie in die winter kan stol nie."*

Boeremusiekgroete
Nico Blom

VAALDRIEHOEK-TAK

Liewe Boeremusiekvriende

Ja, 2019 is besig om vinnig verby te gly. Die Vaal-komitee het gegroei en het ook weer gekrimp. Mens moet maar streng wees op sekere gebeure in die Klub. Baie dankie vir die wat nog bereid is om te help om die Klub te bestuur. Dankie vir elke insetsel om my ook op die regte pad te hou en ek is dankbaar vir elke stukkie werk wat daar gedoen word. Sonder 'n komitee kan mens nie werk aanpak nie.
Ek wil graag ook al die musikante bedank wat so gereeld deelneem aan ons funksies. Dankie vir jul ondersteuning en geduld. Julle almal speel altyd die beste musiek en ek is regtig baie trots op elke musikant. Dankie dat jul ook verstaan dat ons onderworpe is aan sekere reëls. Ons dra tradisionele Boeremusiek uit na ons gaste wat ons funksies bywoon.

Ons het ‘n goeie hoofbestuur wat altyd tyd maak vir ‘n persoon met ‘n probleem. Dankie vir al die geduld en liefde wat ons van julle ontvang. Die beste hoe mens teenoor mekaar kan wees, is om altyd oop kaarte te speel en altyd eerlik te wees. Ja, al het mens ‘n fout begaan. Ek moet dit ook noem. As jy tussen mense is en jy kry ‘n gevoel van liefde tussen mense. Dit is hoe ek die vergaderings ervaar. Baie dankie vir daardie gesindheid.

Liewe vriende, ek wil tog net weer almal uitnooi na die Vaaldriehoek-funksies. Hierdie geleentheid is die Vaal-musikante se kans om op te tree voor jul eie publiek. Ek maak wel gebruik van ‘n genooide gas om ook deel te wees van ons funksie. Ons eie musikante sal altyd voorkeur kry. Dis ook een rede waarom ek ‘n beroep doen op al die musikante om wel by die Klub aan te sluit. Onthou net om elke jaar weer jou lidmaatskap te hernu. Dis baie belangrik. Wees saam met my trots op die Klub en ook op die musiek wat ons speel. Ons bewaar tog ten minste die musiek wat ons uitdra en speel.

Ons Vaaldriehoek-klub is vanjaar 25 jaar oud. Ek wil my dank uitspreek teenoor elkeen vir hul bydrae gelewer deur die afgelope jare. Ons gaan die geleentheid op 26 Oktober 2019 vier. Almal is welkom om dit saam met ons te geniet.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om almal ‘n baie Geseënde Kersfees toe te wens. Mag ons ook ‘n voorspoedige nuwe jaar geniet in 2020.

Liewe vriende, kom ons bly vertrou en glo aan Jesus. Dan kan dit net goed gaan met ons! Ja, en met die musiek wat ons speel.

Groete uit die Vaaldriehoek
Willie Badenhorst

WESRAND-TAK

Smaak my hoe ouer ‘n mens word hou kouer raak die winters! Hier aan die Wesrand het ons tydens die winter maar ‘n lae profiel gehou maar nou raak die dae al baie beter en ons steek alweer kop uit soos ‘n skilpad en beweeg stadig vorentoe.
Tydens ons Wesrand se jaarvergadering wat op 6 April gehou is, is die bestuur net so herkies, nl. Flip Snyman, Dalene Snyman, FC Smit en Annetjie Blignaut.
Baie dankie vir die vertroue en ondersteuning. Baie dankie ook aan al die vrywillige helpers wat gereeld kom hand bysit om die saal mooi op te helder met blomme en versierings, dit word opreg waardeer. Tydens die byeenkomste het Hannes Schoeman, Stephaan van Zyl, Martin Dorfling en Outydse Klanke vir ons pragtige tradisionele boeremusiek opgelewer.

Ons volgende byeenkoms sal ‘n lentedans op 7 September 2019 in die Witpoortjie Ontspanningsentrum te Roodepoort wees. Die funksie sal so 17:00 die middag begin en duur tot en met 23:00.
Weens stygende kostes moes ons, ons toegangsfooi verhoog. Die toegang is R60,00 per persoon en kinders onder twaalf jaar het gratis toegang. Vir lede van die Klub sal die toegang R50,00 per persoon wees en kinders het gratis toegang.
Fluit-fluit my storie is en ons sien mekaar (DV) op 7 September. Mooiloop!

Groete
Flip Snyman

Die Nasionale Voorsitter se Kers- en Nuwejaarsboodskap

Die jaar het gekom en die jaar staan nou einde se kant toe en daarom is dit dan ook vir my ‘n groot voorreg om van die geleentheid gebruik te maak om aan elkeen van u en u familie ‘n baie Geseënde Kerstyd toe te wens. Laat ons dit op ‘n gepaste wyse vier. Ons vra ook ons Hemelse Vader dat 2020 vir ons baie voorspoedig en vol seëninge sal wees.
Mag u almal baie goeie gesondheid, geluk en wonderlike tye saam met u geliefdes en vriende beleef.

So, jy wou graag 'n nuwe jaar gehad het? Dan moet jy ook nou wil leef volgens 'n nuwe jaar, en nie volgens die oue!
- Rita Kubla -

Hiermee 'n uittreksel uit die Vastrapper van November 2000

HARTSEER EN VERDRIET

Paar jaar gelede het Stephaan van Zyl hierdie pragtige wysie van "Hartseer en Verdriet" met die konsertina nagespeel en dit was oornag 'n treffer.

Hy het 'n plaatopname daarvan gemaak en 'n paar ander konsertinaspelers het sy voorbeeld gevolg.

Die oorspronklike liedjie is deur die Hooggekraal Orkes opgeneem onder leiding van Coert Grobbelaar wat die viool bespeel het.

Daar is 'n sangdeel by maar ons almal het dit baie moeilik gevind om die woorde daarvan uit te maak.

Danksy Pieter W. Grobbelaar se "*Kommandeer! Kommandeer!*" het ons nou die lirieke en bladmusiek van verskeie liedjies uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog. Ons het dan ook nou die woorde van "*Hartseer en Verdriet-en dis* met groot erkenning aan Dr. Pieter W. Grobbelaar en die *Uitgewers J. P. van der Walt en Seun (Edms.) Bpk. dat ons nou die woorde daarvan weergee:*

1. Hartseer en verdriet 3x
Is 'n ding wat niemand kan sien.

2. Blou water sal ek moet ry 3x
Dis waar ek hartseer gaan kry.

3. Sal ek haar ooit weer sien 3x
As ek die blou water ry?

4. Eensaam die hart gebroke 3x
as ek haar nooit weer kan kry.

N.S. Hierdie liedjie het sekerlik sy ontstaan as gevolg van die trauma wat die Boere moes deurmaak toe hulle destyds gedurende die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangenes na verafgeleë lande en eilande weggestuur is.

RED

Wanneer jou situasie van so 'n aard is dat JY moet verander na iets wat jy nie is nie, nie kan wees nie en nie wil wees nie; was dit lankal tyd om die situasie te verander.
- Wietske Boon -

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan ‘n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo’s en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor ‘n handleiding oor hoe om ‘n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Andate Malan van Melkbos Kamp, herstel trekklaviere. Kontaknommer (021) 553-5181 of 082 668 0157.

Die TBK smous sy Guitaron min gebruik, te koop teen ‘n weggee prys van R4000. Kontak Flip Snyman 082 624 5308 of Martin Dorfling 082 542 1908

Luister na die Tradisionele Boeremusiekprogram op Pretoria FM, Boeremusiek: Toeka tot Nou, aangebied deur Hugo Radley en Sam Keyter. Hulle gesels onder meer oor orkesleiers, musikante en musiekinstrumente. Vir gedagtes, kommentaar of sommer net gesels, kan hulle gekontak word by hradley@global.co.za. U kan na Pretoria FM luister op 104.2 fm, DSTV musiekkanaal 887 of op die internet www.pretoriafm.co.za. Die program word Vrydagaande om 19:15 uitgesaai.

Om jou eie trots te oorkom en te kan erken dat jy verkeerd was, is om openlik te verklaar dat jy `n wyser mens is.
- Gerd Peter Bischoff -

KATALOGUS – 2019

Kontak Aletta Dorfling 082 482 5332 of verkope@boeremusiek.org in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Posgeld beloop minstens R60,00.

Boeretroos uit die Vaaldriehoek	R100
Versamelgoed no. 1 (Dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R130
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R100
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R100
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R100
Versamelgoed no. 5 (Lourens van Zyl)	R100
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R100
Die Kaapland Boereorkes	R100
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R100
Die Lekker Kêrels	R100
Die Stoepsitters – Appelbloeisels	R100
Die Wakis Orkes	R100
Piet Snyman en Vriende	R100
TBK 35 Jaar (Dubbel laserskyf)	R130
Hans la Grange (Vol. 1, 2, 3, 4, 5 & 6) en sy twee banjo cd's	R100 elk
Nuwe Vrystellings:	
Oom Gideon van Rooyen	R100
Japie Laubscher en sy Ysterplaat kêrels (Vol. 1)	R100
Versamelgoed no. 19 (Piet Snyman)	R100
Versamelgoed no. 20 (Oud maar nie koud Jan Mans)	R100
Namakwaland het geoefen Willie Nelson	R100
Die Vyf Namakwalanders – 'n Gedenk-album	R140
Magalies Orkes - speel Boeremusiek	R100
Piet Snyman - Wals vir Antoinette	R100
Die Namakwalanders het geoefen	R100
Die Sandvelders: Namakwaland toe	R100
Outydse Klanke Orkes Boerekonsert	R100
Tony Waterloo/Herman Wolfswinkel	R100
Die Wakis Orkes: O'ver die water	R100
Frik Smit en sy orkes	R100
Theo Slabbert: Ou bok jong blaar	R100
Boet Steyn se laaste	R100
Hugo, Lourens en Quintin speel Outydse Musiek (Vol. 1)	R100
Herdrukte laserskywe:	
Oudag Boereorkes (Dubbel laserskyf) hermeester	R140
Hugo en Dirk speel Outydse Boeremusiek (Vol 1, 2, & 3)	R100
Hannes Viljoen (Vol. 1)	R100
Die Vier Transvalers	R100